



# DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

*Redaksioneel*

## IMMIGRASIE

Dit lyk of ons 'n tydperk beleef waarin 'n hele paar gesinne vertrek na Nederland. Hoe staan ons daarteen oor? Het die Here ons nie hier ook in Suid Afrika 'n taak gegee nie? Dit is moeilik om oor hierdie onderwerp te praat en elkeen het sy eie mening hieroor, maar is dit reg?

Dit is maklik om bevoordeeld te praat oor die redes waarom mense gaan. Daar word vrae gevra soos - Gaan julle omdat die ekonomiese toestand

so goed is in Nederland?

Ons beleef tye van terneergedruktheid en toewyding aan God te wense laat, maar onthou altyd dat jy nooit alleen is nie, God is elke dag by jou waar jy ook al is en ook die gemeenskap van die Heiliges bly steeds daar.

Namens die Pretoria redaksie  
Iemke

### INHOUD

Uit die Woord	Offer jouself (op), nie vleis nie Rentmeesterskap van die aarde "En hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke" Gereed vir aksie!	Arjan van Houwelingen Ewart Antonides Johan de Vente Johan Snyman	2 3 3 4
Oppad	Engele, geeste, bese magte en kragte Die blydschap van Paasfees Maak die lewe sin? Waar kom die NGB vandaan? Musiek Verlief, verloof, verlore? Die doel van die Jeugsentrale Y2K	Arjan van der Lucht Kornelis Kleyn Erik van Alten Henriëtte Ros Marlene de Vente Johan Bron Roelof de Jong Marius Bijker	5 7 8 9 11 11 12 13
Voel jy ook so?	Hoekom sien hulle kans vir die jaar 2000? Is ons Post moderniste of gemeentelede?		14 15
Rehoboth	Uit die Sleutelgat Deur die sleutelgat		16 18
Nog iets...	Die simboliek van die vis Repos ailleurs Verjaarsdae	Karina Smit	19 19 20

## “OFFER JOUSELF (OP), NIE VLEIS NIE”

Arjan van Houwelingen

**“Maar pas op dat hierdie vryheid (om offervleis te eet) nie miskien ‘n struikelblok word vir die wat swak is nie” – 1 Korintiërs 8:9**

Paulus het die briewe aan die Korintiërs geskryf as reaksie op ‘n brief vol vrae van die Korintiërs se kant af. In die genoemde gedeelte (1 Kor.8) behandel hy ‘n vraag waarvan hulle gedink het dat hulle dit self kon beantwoord: “Mag ‘n mens offervleis eet of nie?”.

### **Die Korintiërs se mening**

Volgens die Korintiërs mog hulle wel die vleis eet, want offers aan afgode was mos offers aan niks en dus geen regte offers nie.



***Teoreties was hierdie redenering reg, maar tog bestry Paulus dit. Hoekom?***

Omdat die Korintiërs in al hulle slimheid die belangrikste ding, naamlik broederliefde, vergeet het. Daarom sê Paulus ook in vers 1: “*Die kennis maak opgeblase, maar die liefde stig*”. Die Korintiërs maak baie slim ‘n beroep op hul Christelike vryheid, maar dink dan nie aan hul Christelike plig om op hul swak broeders te let, vir wie hul gedrag dalk ‘n struikelblok kan wees (vers 9) nie.

***Was hierdie swak broeders nie dalk ‘n bietjie té swak nie?***

Kon die swak broeders nie maar vrede gemaak het met die feit dat ander wel offervleis geëet het nie? Ons kan dalk geneig wees om so te dink. Maar ons moet onthou offers en die eet van offervleis was vir die pas bekeerde heidene iets van hul vorige lewe, wat hulle so pas agter hulle gelaat het. As daar nou skielik gesê word dat hulle weer mag begin om offervleis te eet, dan kan hulle maklik begin dink dat hulle ander heidense dinge ook mag doen, en so weer terugval in die heidendom.

***Die erns van die sonde om iemand te laat struikel.***

Is dit dan so erg as een of twee mense struikel? Is hulle dan nie gewoon net te swak om ‘n Christen te wees nie? Christus self het dit een van die ergste sondes gevind om ‘n “swakke” te laat struikel. Dit sê Hy duidelik in Markus 9 vers 42: “*En elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in my glo laat struikel, dit is beter vir hom as ‘n meulsteen om sy nek gehang en hy in die see gegooi word.*”

***Paulus besef hierdie erns.***

As ons sien hoe toornig ons God maak as ons een van sy skape deur ons “slimheid” aan die wolwe voer, moet ons maar liever geen kans vat nie. Dit besef Paulus maar al te goed. Daarom skryf hy ook in vers 13 : “*Daarom as voedsel my broeder laat struikel sal ek in der ewigheid geen vleis eet nie.*”

***Ons moet die erns ook besef.***

Om in die see te gaan swem met ‘n meulsteen om my nek lyk vir my nie baie aangenaam nie. Tog is dit nog aangenaam in vergelyking met God se toorn vir iemand wat een van sy kinders laat struikel. Laat ons daarom die kleinste kans dat ons iemand laat struikel, vermy.

### **Redaksies:**

#### **Pretoria:**

Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)

Sekretaresse: vakant

Penningmeester: Andreas Boon

Lede: Rinus Kamphuis, Karina Smit, Annet

Lubbinge, Arjan van Houwelingen

#### **Maranata:**

Redakteur: Johannes de Vries

(johannes@ef.techpta.ac.za)

Penningmeester: Gerjan Hagg

Lede: Annemarie de Vente & Anneke de Jager

#### **Kaapstad:**

Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)

Artikelversorging: Maartje Eefting &

Christine van der Linden

Sekretaresse: Margreet Moes

Finansies: Jaco Haak

Lid: Erik van Alten

#### **Kontakpersone:**

Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)

Bethal: Leclue Nienaber

#### **Uitleg:**

Bijker Broers (gerhard@wefa.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.

Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:

<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Koste: R35 per jaar

# RENTMEESTERSKAP VAN DIE AARDE

Ewart Antonides

'n Mooi term wat ons kan gebruik om ons posisie op die aarde te beskryf is dié van die rentmeester. Hierdie term kom ook op meer as een plek in die Bybel voor. In Luk. 12:42 staan daar dat die rentmeester weet dat hy met die besittings van iemand anders besig is. As hy getrou en verstandig besig is, weet hy ook wanneer om die wat onder hom aangestel is, hul "rantsoen" te gee. Hy let ook op sy naaste:

*"Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God"* (1 Pet. 4:10).

Prof K Schilder het die term "kultuurmandaat" geskep. Met hierdie term word daar bedoel dat die mens alles wat daar in die wêreld weggeleë is, ten volle moet benut. Met die hoeveelheid besoedeling wat daar tans in die wêreld is, het die mens weer begin nadink oor die kultuurmandaatbeginsel en tot die oortuiging gekom dat rentmeesterskap 'n faktor behoort te wees waarmee 'n mens rekening moet hou. "Kultuurmandaat" is grotendeels op Genesis 1:28 gebaseer: *"En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip."*

As 'n mens na hierdie teks kyk, wil dit voorkom asof dit ons doel is om die aarde ten volle te benut al is dit ten koste van die aarde self. Dit wil voorkom asof ons

elke grondstof ten volle moet ontgin en dus basies alles wat in die aarde sit, moet uithaal. Maar daar is nog 'n tweede gebod in hierdie gedeelte. Ons word ook beveel om *vrugbaar* te wees. Hierdie gebod bly van krag al is daar talle mense wat ongetroud bly het, en nie kinders het nie.

Ongetroude en kinderlose mense kan op 'n ander manier vrugbaar wees. Paulus het bv. nooit getrou nie, maar deur die evangelie wat hy mog versprei, het hy tog talle kinders bygekry (1 Kor. 4:15).

Om ongetroud te bly en geen kinders te hê nie is dus nie noodwendig teen hierdie gebod nie. Op dieselfde wyse is dit nie verkeerd om 'n sekere grondstof onversteurd in die aarde te laat ten bate van die omgewing nie.

God het die aarde nie woes geskape nie, maar Hy het dit geskape om bewoon te word (Jes. 45:18). In hierdie woning het Hy ons as rentmeesters aangestel. As rentmeesters kry ons baie om oor te heers, maar hierdie heersing sal wel beheer moet word. Ons het as rentmeesters 'n groot verantwoordelikheid om die goedere wat in ons beheer geplaas is met sorg te behandel.

Bronne:

*Het gelaat van de aarde* deur P Nijkamp en J Douma  
*Christus en cultuur* deur Prof Dr K Schilder



---

## “EN HULLE IS GEOORDEEL, ELKEEN VOLGENS SY WERKE”

Johan de Vente

Eendag sal al die mense soos 'n oop boek voor die troon van Christus staan. Hy sal die vonnis fel. Die ongelowige sal veroordeel word. Hulle boek staan alreeds vol van ongeregthede, dit wat hulle verkeerd gedoen het en waarvoor hulle geen vergewing gevra het nie. Maar wat dan van die gelowiges? Wat staan in hulle boek? Staan dit ook vol van ongeregthede? Staan ook al ons sondes daarin?

As dit so is, wat is dan die betekenis van ons gebed om vergewing van sondes?

Ons bely mos dat God ons beledes sondes nooit meer sal gedenk nie? Word ons dan, as ons as geopende boeke voor Christus staan, herinner aan al ons sondes en verkeerde dade? Nee, ons boek staan vol met ons lewe en werke vir Christus. 'n Wonder van genade. As ons telkens ons sondes bely en deur die kragte van die Heilige Gees daarteen stry, sal ons boek 'n ander inhoud bevat. Christus lees dan dat ons ons lewe geborg het in Hom. En dan neem Hy die ander boek, die boek van die lewe. Ons hoef dan nie opnuut al ons sondes te bely nie en nie opnuut rekenskap af te lê

van wat bely is nie. Want wat ons bely het en vergewe is, staan nie meer in ons boek nie. Wie meen dat alles eendag (later) weer op die tafel kom, doen dan tekort aan God se barmhartigheid wat sigbaar en tasbaar is in skuldvergifenis.

Ons moet egter oppas dat ons nie in die geheim sondig en die sonde nie bely nie. Dit vergeet die Here nie. Dit staan wel in ons boek. Maar verder staan ons Christelike lewenswandel daarin. Dit was onvolkome,

maar dit is volkome deur die uitdelging van die onvolkomene. Wie met Christus leef, sal nie veroordeel word nie.

Om met Hom te lewe beteken kruisiging van die vlees. Maar dit is wel die moeite werd en het ewige gevolge.

Vertaal uit: Dagboek 1993

## GEREED VIR AKSIE!

Johan Snyman

In vandag se geloofstryd moet ons onself bewapen met die Woord van God. Hoe doen ons dit nou eintlik? Hoe kan ons staande bly teen die aanvalle van die bese magte en die bese geeste in die lug wat ons nie eers kan sien nie?

Die antwoord op hierdie vrae het God self vir ons gegee in Ef. 6:10-20. In die gedeelte het ons duidelik met die taal van oorwinning te doen. Maar die oorwinning is slegs moontlik wanneer daar geveg word met God se wapens. So, ten diepste is die oorwinning altyd God se oorwinning. Slegs Hy kan die planne van die Satan verydel.

Omdat die stryd nie teen mense gevoer word nie, maar teen die diaboliese magte wat hulle duistere planne wil laat seëvier, moet die gelowige nie die stryd in eie krag probeer aandurf nie, maar slegs met die wapens wat God voorsien. Watter soort wapens het God vir ons gegee en wat simboliseer dit?

### **Gordel:**

Dit beteken dat ons as gelowige vas moet bly staan, op ons pos, toegerus met die waarheid as gordel om ons heupe. Dit is 'n tipe vermaning om vol te hou in die voortdurende geloofsstryd.

### **Borsharnas:**

Ons Christene moet die borsharnas van God se geregtigheid aantrek. Dit is vir ons 'n opdrag dat ons vas moet staan met die vryspraak deur God wat ons as gelowiges bely.

### **Skoene:**

Gelowiges moet die Woord van God aanneem, glo met die hart en bely met die mond! Ons moet bereid

wees om die evangelie van vrede te gaan verkondig en die blye tyding uitdra aan alle nasies en volke.

### **Skild:**

Dit wys vir ons dat die stryd regtig gaan oor lewe en dood, en die stryd teen die Satan is lewensgevaarlik (doodgevaarlik) vir ons as Christene. Ons moet dus ernstig hiermee omgaan.



### **Helm:**

Die gedagte van verlossing/redding word hieraan gekoppel. Ons veg met die wete dat Christus al klaar gewen het en die Gees van God bewerk dit ook in ons hart om aan die verlossingswerk van Christus vas te hou.

### **Swaard:**

Die Woord van God is die "swaard van die Gees", dit wil sê die aanvalswapen van die Gees. As ons gereed met die Woord van God omgaan sal dit vir ons ook toerus en die kennis gee wat nodig is om staande te bly teen die Satan en sy engele.

Na al die geestelike wapens word die **GEBED** gevoeg. Ons gelowiges moet eerstens bid vir leiding van die Gees. Tweedens moet ons bid vir alle gelowiges. Derdens vir almal wat die evangelie uitdra en verkondig sodat God ook vir hulle die woorde van verlossing in die mond kan lê. Gebed is waarin die gelowige in afhanklikheid voor God kom staan in die wete dat slegs Hy met sy krag die oorwinning kan bewerk.

**Mag ons as gelowiges ook in volle afhanklikheid aan onse Hemelse Vader vashou. Hom dank vir sy verlossingswerk in Christus en leiding deur die werking van sy Gees.**

## ENGELE, GEESTE, BOSE MAGTE EN KRAGTE

Inleiding gelewer op minikongres in die Kaap deur oom Addy van der Lucht,  
verwerk deur Arjan van der Lucht

Niemand kan vandag sê dat hy/sy al ooit 'n engel gesien het nie. Tog het elkeen van ons 'n prentjie in sy kop oor hoe 'n engel lyk. Die prentjie is deels gevorm deur wat ons in die Bybel lees, en deels deur die wêreld se idee.

Want, hoewel die enigste kennis van engele uit die Bybel kom, is dit ironies dat gelowiges juis vanuit die wêreld deur engele gekonfronteer word.

Die wêreld het 'n sekere behepthed met engele. 'n Mens is al so gewoon aan engelafbeeldings dat mens dit nie eens meer

raaksien nie. Oral om ons heen sien ons engele – van klein vet kinder-

engeltjies, tot 'Hell's Angels' met tatoeëermerke op *Harleys*. In fliëks, op TV, in boeke, tydskrifte – oral waar ons gaan is engele aan die orde van die dag. In die alledaagse spreektaal is dit ook algemeen: 'my engel', of 'hy's nie 'n engeltjie nie'.

'n Soortgelyke oorsig kan oor geeste, magte en kragte gegee word. Om dit op te som: die onsigbare geesteswêreld is deur die wêreld geannekseer.

Aan die ander kant kry dit deur die kerk dalk te min aandag, terwyl elke skrywer in die NT hierna verwys. In Openbaring kom ons die woord engele 67 keer teë.

### Nuuskierigheid

Om reg na te dink hieroor, moet dit egter sonder nuuskierigheid gepaard gaan. Oor die **mens** openbaar die Bybel ons baie. Oor sy skepping, sy relasie tot God ens. Daarom mag ons baie nadink oor die mens as skepsel van God. Oor die **engele** en ander skepsels, gee die Bybel daarenteen min. Wel baie verwysings. Ons het geen twyfel oor hul bestaan en werking nie, maar verder weet ons maar min. Maar nie té min nie. Ons hoef nie te weet wanneer hulle geskep is en dies meer nie, net **dat** hulle bestaan en met ons te make het.

In hul naam leer ons al hoe om oor engele na te dink. Dit beteken 'bode' of 'boodskapper'. Die naam dui dus nie op die skepsel se aard nie, maar op die funksie. As 'n bode 'n brief aflewer is dit nie

belangrik *wie* of *wat* die brief aflewer nie, al wat saak maak is die inhoud van die brief en van wie dit kom. Só is dit ook met dié hemelse bodes. 'n Engel wys weg van homself, na sy Sender. Bv. twee bekende engele:

Migael – 'wie is soos God'

Gabriël – 'hy wat voor God staan'

### Wat die Bybel leer

Kom ons kyk eers na die engele. Hulle is skepsels van God (Ps. 148; Kol. 1:16). Calvyn het dit baie

belangrik gevind dat onthou word dat engele deur God geskep is. Só verhoed dit dat ons engele

aanbid. Dink aan Johannes op Patmos (Open. 22:8,9). Soos alle geskape wesens het hulle beperkings. Jakob het gedroom engele klim op en af op 'n leer, en in Daniël en Openbaring lees ons van engele wat vlieg. Engele is dus nie alomteenwoordig nie. Hulle moet net soos ons beweeg en kan net op een plek op 'n slag wees.

Engele is ook nie almagtig nie. Die engel wat na Daniël gestuur was in die 10de hoofstuk, is op pad vir 21 dae vertrap deur die engel van die Persiese Ryk. Gelukkig vir Daniël en die engel het Migael hom te hulp gesnel. Die engel het duidelik nie self die mag gehad om die teenstander te weerstaan nie.

Hoewel die Bybel van heilige engele praat, en heilig beteken hier dat hulle spesiaal vir God en sy diens geskep is, het daar tog sonde onder hulle ingekom (Jud. 6; Pet. 2). Dié gevalle engele het op eie inisiatief ontrou geword en gaan teen God in, onder leiding van die groot teenstander, Satan. Agter alles wat ons sien is daar 'n groot stryd aan die gang. Nie meer 'n stryd oor oorwinning nie. Daardie stryd is gewen toe Christus opgevaar het na die hemel (Open. 12:7-9). Maar dis nou 'n stryd oor jou en my. Daarop sal ons later terugkom.

Verder, die Bybel praat nie net van *engele* nie, maar gebruik ook ander name.

Eers is daar dié met persoonsname: Migael en

Gabriël. Hulle het 'n besondere taak. Migael word geteken as 'n bevelvoerder van die magte. Hy en sy engele voer 'n stryd teen die Satan en die syne. Hoewel Migael baie magtig is wou hy nie eens teenoor die duiwel 'n oordeel uitspreek nie. Hy sê: 'Die Here bestraf jou' - Judas vers 9.

Verder word daar ook nog gepraat oor gerubs, serafs, trone ens.

Saam vorm dit 'n beeld van 'n groot, ontsagwekkende leermag – tienduisende van tienduisende van engele.

### Die taak van engele

Ons kan sekere take van sekere engele onderskei. Miskien help dit om aan die engele te dink as 'n georganiseerde leer. Daardie leer is verdeel in sekere eenhede.

Baie engele word deur God gebruik as **boodskappers of gesante** (Heb. 1:13-14), bv. by Abraham en Sara, Jakob ens.

Ander, lees ons in die Psalms, **prys die Here se naam** (Ps. 148), soos by die geboorte van Christus.

Verder het God engele gegee **om ons te beskerm** (Ps. 91:11,12). Dis ook wat die duiwel aanhaal wanneer hy die Here versoek.



Engele is ook vir ons 'n **voorbeeld**. Dawid word deur koning Akis vergelyk met 'n engel van God, omdat hy so wys is en vertrou kan word. Ook in die Onse Vader: 'laat u wil geskied, soos in die hemel so ook op die aarde'. Lees ook Sondag 49.

In die Tuin van Eden weer het engele opgetree as **wetstoepassers**, so ook by die vernietiging van Sodom en Gomorra.

Engele word dus, soos Heb. 1 dit stel, uitgestuur ter wille van die wat die saligheid sal beërwe.

### Die stryd agter die stryd

Intussen gaan Satan rond soos 'n brullende leeu. Vandat hy uit die hemel gegooi is, kan hy die gelowiges nie meer aankla nie. Volgens 2 Kor. 11 doen hy hom nou voor as engel van die lig, as dienaar van geregtigheid – 'n wolf in skaapsklere.

Hy het mag oor gedagtes, planne en woorde van

mense. Hy wil God op alle tereine teenstaan, en so veel as moontlik mense saamsleep. En hy het baie mag.

Satan is 'n bedrieër. Dink maar aan sy beskuldiging van Josua se vuil klere (Sag. 3), wat die hoëpriester se sonde afgebeeld het. En inderdaad, Josua kon alleen gered word deur die versoening wat God self moes bewerk. Maar hoe vermetel dat die aardsondaar by God kom kla oor sonde! Satan het wat dit betref nie verander nie.

Die Satan en die wêreld konfronteer ons ook aanhoudend daarmee. As jy vir jou geloof wil uitkom, is die reaksie dikwels: 'Jy sê nou so, maar onthou jy nog...', ens., ens. 'Is jy vir God beter as ek? Waarom sou Hy jou verlos, en nie my nie?'. Dit is Satan se styl. As hy jou nie belaglik maak nie, veroorsaak hy twyfel. Leer ook om sy slinkse aanslae raak te sien, aangesien dit so goed vermom word.

Luister dan na Paulus se waarskuwing: gee aan die duiwel geen plek nie. Geniet jul lewe, maar binne die aangewese grense. Lewe bewus as kind van God. Só alleen lewe jy. Anders word jy 'n slaaf van jou begeertes. Vra jouself af wat soek die boek of tydskrif van my. Niks is neutraal nie. Agter alles is mense met sekere waardes wat wil hê ek moet my tyd, aandag, geld of hart aan hulle verkoop. En baiekeer is agter hulle die Satan, wat mense gebruik om jou van God los te week.

En dit gebeur nie teen jou sin nie – jou eie sondige hart werk hard saam. Die sonde lyk so aanloklik. Petrus waarsku dat ons nie moet leef volgens die begeerlikhede van die vlees nie. Want daardie begeertes voer stryd teen die siel! Begeerte lei tot sonde, en sonde lei tot die dood. Uiteindelik selfs die ewige dood.

Voor Pinkster het gelowiges 'n menigte van engele gehad wat hierdie stryd saam gestry het. Maar sedert Pinkster het ons baie meer. Die engele het op die agtergrond geskuif, en God ( die Heilige Gees ) self stry nou saam met ons. Hy is, in teenstelling met engele, almagtig. Ons hoef dan ook nie meer bang te wees vir die stryd nie. Ons kan met vrymoedigheid teen Satan en die sonde stry. En dan mag ons saam met die engele jubel oor wat God gedoen het en nog gaan doen.



# DIE BLYDSKAP VAN PAASFEES

Kornelis Kleyn

## Israeliet: Hoe Het Jy die Pasga Gevier?

*Die Inleiding:* Jy kom binne die skoon huis. Jy stap na die gedekte tafel waar 'n hele klomp mense vir jou wag. Jy was jou hande voor dat jy ook aan die tafel gaan sit. Die huisvader spreek dan die seën oor die maaltyd en skink die eerste beker wyn in. Julle eet die voorgereg, wat uit groente en vrugtemoes bestaan, en die hoofdis word vir julle opgedien.

*Gedagtenis:* Die gasheer het toe vir julle die tweede beker wyn ingeskink. Voor dat julle dit gedrink het, het 'n klein seuntjie opgestaan en gevra hoekom julle die maaltyd eet en hoekom die maaltyd 'n spesiale viering was. Verder het hy gevra hoekom julle die ongesuurde brood, bitter kruie en vrugtemoes eet, die brood twee keer dip en hoekom julle by die maaltyd lig. Toe het sy vader opgestaan en julle laat herinner aan die verlossing uit Egipte. Daarna het julle die eerste deel van die Hallel gesing (Ps 113-114), voor dat julle die tweede beker wyn gedrink het.

*Maaltyd:* Een van die groep het toe opgestaan en 'n seën gevra vir die ongesuurde brood. Die hoofmaaltyd het gevolg, dit het bestaan uit die paaslam, ongesuurde brood, bitter kruie, vrugtemoes en die derde beker wyn (die beker van danksegging).

*Slot:* Die laaste deel van die Hallel was gesing. (Ps. 115-118). Daarna het een van die manne weer 'n danksegging uit gespreek vir die vierde (en laaste) beker wyn.

## Is bogenoemde nie 'n groot fees nie? Is dit nie 'n goeie voorbeeld hoe ons Paasfees moet vier nie; met blydskap?

Ekstra Lees Materiaal: Exodus 12.

## Die Betekenis van Die Pasga en Verwysings na Christus

*Skoonheid:* Om al die suurdeeg uit die huis te kry; die huis moes gereinig word. Dit verwys na ons onreinheid en hoe ons skoon gemaak is deur Christus se bloed van al ons sonde. (Sien ook 1 Cor 5: 6-8).

*Ongesuurde Brood:* Die brood moes vinnig gemaak word; dit is 'n vinniger manier om brood te maak. Die aanwesigheid van suurdeeg was ook 'n beeld van bederf en onreinheid; so die ongesuurde brood dui op suiwering. Dit

verwys na die suiwering wat ons kry deur Christus se bloed.

*Bitter Kruie:* Die bitterheid van die kruie laat die Israeliete die groot bitterheid in Egipte herinner. Dit verwys na die bitterheid van die sonde; die rede hoekom Jesus vir ons moes sterf.

*Vrugtemoes:* Die vrugtemoes het soos klei gelyk. Dit het die Israeliete laat herinner aan die swaarkry in Egipte; hoe die manne stene moes maak uit klei. Dit verwys weer op die las van die sonde.

*Paaslam:* Dit was geëet vir 'n maaltyd van danksegging vir die verlossing uit Egipte. Die paaslam verwys na Jesus wat soos 'n lam moes sterf. (Jes 53: 7).

*Paaslam se Bloed:* Dit was oorspronklik gesprinkel op die deur van die huis (en later oor die altaar), om die oudste seun in elke familie te red. Jesus se bloed was vergiet om al die gelowiges te red van die sonde. (Mat 26: 28; Rom 5: 1-11; Efe 1: 7; Heb 9: 11-14; 1 Pet 1: 18-19; Openb 1: 5)

*Wyn:* Die teken van groot blydskap. Die pasga was 'n groot fees van blydskap. Verwys dit nie die manier waarop ons nou Paasfees moet vier nie? (Met blydskap!)

## Hoe Die Pasga Lei Tot Die Blydskap Van Paasfees

Maart-April; die maand Nisan op die Hebreeuse kalender. Dit is hulle eerste maand van die jaar, en die maand waarin die pasga gevier word. Nou in hierdie selfde tyd periode, vier ons die Paasfees. Ons



het al gesien hoe pasga vooruit wys na paasfees. Terwyl pasga die fees van die verlossing uit Egipte is; is paasfees die fees van die verlossing van sonde. Maar is paasfees dan nie veel belangriker nie? Is die verlossing van sonde nie veel groter nie?

Paasfees is 'n herinnering aan ons sondes. Dit laat ons herinner aan ons totale gebrokenheid. Elkeen het verlossing nodig. (Sien Sondae 2-4 van die Heidelbergse Kategismus). Maar Paasfees is ook 'n fees van groot vreugde; die vreugde van die verlossing deur Jesus se bloed. (Sien Sondae 1 en 5-7 van die H.K.) Pasga was elk jaar uit geloof gevier (Heb 11: 28). Op die selfde manier behoort ons die

Paasfees te vier. Laat ons nou dan met die woorde van die Hallel en ander liedere God se naam loof en prys in hierdie blye tyd:

*"Halleluja! Loof, o knegte van die Here, loof die Naam van die Here! Laat die Naam van die Here geprys word, van nou af tot in ewigheid!"* (Psalm 113: 1-2).

Bronne:  
Ik Geloof deel 1b;  
Life in Bible Times;  
The NIV Study Bible;  
Zo Ontdek Je De Bijbel.

---

## MAAK DIE LEWE SIN?

Erik van Alten

Ek dink dit is 'n *sinvolle* vraag. Wie van ons kry nie so nou en dan 'n afdag waarop alles verkeerd loop nie? Dan kom die vraag onwillekeurig by ons op: wat is die sin van dit alles? Vir sommige van ons is dit miskien 'n chroniese vraag; dit lyk miskien asof die lewe niks goeds het om aan jou te bied nie. Wel, miskien is jy reg; miskien het die lewe niks om aan jou te bied nie. Maar as jy gedink het die lewe kan jou iets bied, dan soek jy by die verkeerde plek. Jy moenie by die lewe gaan soek nie, maar by die Lewe.

En wat gebeur dan as jy die sin van die lewe by die Lewe gaan soek?

Kyk bietjie na die volgende scenario's:

- Jy is 'n uitstekende sportman en jy kry na baie harde werk en sweet jou beloning: jy word verkies tot die Springbokspan. Of: jy staan in die supermark en jy sien hierdie tannie sukkel met haar pakkies; jy stap nader en help haar om dit na haar motor toe te dra. Die dankbaarheid straal uit haar oë wanneer jy haar groet.  
Watter een gee meer sin aan die lewe?
- Jy is die hele aand uit saam met vriende; julle kuier lekker, drink 'n paar drankies, dans lekker en lag dat die trane loop. Of: jy gaan kuier by 'n vriend; julle deel julle hartsgeheime, praat oor probleme, openbaar julle diepste wese en as vriende kan julle mekaar bemoedig en versterk.  
Watter een gee meer sin aan die lewe?
- Jy is 'n werkende persoon en jy werk elke aand laat om genoeg geld te maak om daardie nuwe motor te kan koop of, in geval van getroude

mense, om vir jou gesin die beste te kan gee. Of: jy kom bietjie vroeër huis toe en besluit om gou vir jou ma die matie te stofsuig of om 'n slag vir jou vrou kos te maak.

Watter een gee meer sin aan die lewe?

- Jy is die topstudent en jy fokus net op jou werk; jy kry dan ook uiteindelik die prys vir die beste student. Of: jy staan bietjie tyd af om daardie ou wat maar bietjie sukkel met die werk, te help.  
Watter een gee meer sin aan die lewe?
- Jy is 'n baie gewilde persoon en dit maak jou baie bly; jy word altyd gevra om op funksies te praat en jy word altyd na alles toe uitgenooi. Of: jy stop 'n slag en praat bietjie met een van die boemelaars wat langs die pad sit.  
Watter een gee meer sin aan die lewe?

Watter een kies jy by elkeen van hierdie scenario's? Dit gaan uiteindelik daaroor waar ons fokus lê. Jou fokus gaan jou keuse bepaal by elkeen van bogenoemde situasies. Kom ek gee 'n voorbeeld: ek is seker julle ken daardie klein apies wat in die dieretuin is. As jy hom van agter af bekyk, lyk dit nie baie aangenaam nie (vir dié van julle wat weet hoe die agterkant van 'n aap lyk). Maar bekyk hom 'n slag van voor af: dis die pragtigste gesiggie met die oulikste ogies wat vir jou loer. Dit bly dieselfde aap waarna jy kyk. Dis net 'n kwessie van fokusverskuiwing.

Ons fokus in die lewe moet reg wees. Ons fokus moet gerig wees op Christus, want Hy is die Lewe. Hy gee sin aan die lewe. En weet jy wat gebeur dan: dan



'worry' jy nie meer oor jousef nie, want dan het jy God bo alles lief en jou naaste soos jousef (Lukas 10:27). Want die eerste keuse by al hierdie scenario's het gefokus op jousef, op jou eie ek. Christus sê egter dat dit saliger is om te gee as om te ontvang (Hand. 20:35) Dis soveel meer lonend om te gee, want daardeur word God se koninkryk opgebou en Hy kry die eer. En jy? Jy, liewe mens, word o so ryk! Geestelik word jy bevredig! Gaan gee dan. Deel uit. Maar moenie gee van jou eie goed nie, want dis sondige goed, dis verkeerde goed. Gee van daardie rykdom wat jy by Christus gekry het; gee van die vrugte wat die Gees in jou werk. En doen dit in oorfloed, want die Bron waar dit vandaan kom, is onuitputbaar.

Sien jy nou dat dit sin maak om die sin van die lewe by die Lewe te gaan soek? Jy vra nie meer wat die lewe aan jou kan bied nie, maar jy kan nie wag om aan die lewe te bied wat Christus vir jou gegee het nie. Jy kan nie wag om vir die lewe te gaan vertel dat daar hoop is in 'n wêreld wat vergaan van honger, oorloë en geweld nie. Jy kan nie wag om aan sterwendes te gaan vertel dat die lewe ná die dood heerliker is as wat die menslike verstand kan voorstel nie.

En dis nie net in jou woorde wat Christus praat nie. Jou hele lyftaal praat evangeliese taal. Jy glimlag vir

mense. Jy is vriendelik wanneer jy by die bank se inligtingstoonbank kom. Jy is geduldig wanneer jy in 'n lang ry moes wag om uiteindelik gehelp te word. Jy laat die ander persoon eerste ry wanneer julle saam by die stopstraat stop. Jy maak tyd om na daardie bedelaar met die drankasem te luister. (Let wel, ek sê nie jy moet elke keer vir hom geld gee nie; luister net na hom.)

Lees maar wat sê Galasiërs 5 oor die vrugte van die Gees. Wees daarom vrugbaar. Deur so te lewe slaan jy drie vlieë met een klap: jy gee aan God die eer, sy

koninkryk word uitgebrei

deurdat Hy miskien so genadig is om mense wat jou lewe raak sien, te bekeer, en derdens jy word self ongelooflik ryk. En tel gou hoeveel vlieë slaan jy met een klap deur net vir jousef te lewe en te kyk wat die lewe aan jou kan bied? Net een en dis jousef. Jy slaan jousef tot in die afgrond, die helse afgrond.

Laat ons daarom raaksien dat die sin van die lewe nie in jousef lê nie. Dit lê buite jousef in Christus. En dan gaan daar moeilike dae in jou lewe kom, maar bly hoop, want God sal die geknakte riet nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie (Jesaja 42:3). Hy hou dit in stand tot eendag wanneer Hy die riet in sy koninkryk langs lewende waterstrome sal plant en die lamppit sal voed met olie sodat dit in alle glorie kan brand. Vir ewig!

---

## WAAR KOM DIE NGB VANDAAN?

Henriëtte Ros

*Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. - Matt. 10: 32*

In die jaar 1521 het die getuies van Christus in Nederland 'n moeilike tyd van vervolging binne gegaan. In 1523 is 'n skavot in Brussel opgerig waarop die eerste Suid-Nederlandse martelare, naamlik drie monnike, gesterf het. Guido de Brés se wieg het naby die brandstapel gestaan. Hy is 'n jaar van te vore, in 1522, te Bergen gebore.

Die klein seuntjie het 'n streng Roomse opvoeding van sy moeder ontvang. Hy was 'n kunstenaar wat die kuns van glasskilder bemeester het, maar toe die Bybel onder oë gekry het en tussen sy 18de en 25ste

jaar baie daaruit gelees het. Die Here het dit geseën en sy oë geopen vir die dwalinge van die Roomse Kerk en vir sy eie hopelose bestaan.

As gevolg van sy nuutgevonde geloof en die vervolging daarvan moes de Brés verskeie male vlug. Eers na Engeland en daarna na Frankryk en weer na Switserland. Op al sy reise het hy verskeie ander Reformatore ontmoet, onder wie ook Calvyn. Van hom het Guido baie geleer. Tussen 1552 en 1556 moes hy weer na Frankryk vlug. Na sy terugkeer het hy is Doornik as predikant opgetree. Hy het in 'n armoedige huisie gebly en 'n tuinhuisie naby die stadsmure as 'n studeerkamer gebruik.

In daardie tyd het hy verskeie boeke geskryf. Onder

andere “La Baston de la Foy” vertaal: “Die stok van die geloof, geskik om die vyand van die geloof se mond te snoer.” Dit was teen die Roomse skrywer Grenier se boek “Skild van geloof” geskryf. In ‘n ander boek “La racine” (in Nederlands vertaal: “De wortel, den oorspronckende het fundament der Wederdooperen ofte Herdooperen van onse tijde”) het de Brés teen die doperse dwaling oor die menswording van Christus en die kinderdoop geskryf.

Guido wou ook ‘n stuk opstel waarin presies staan hoe die gelowige die Bybel moet lees en dit uit God se hand aanvaar as die onfeilbare Woord. Die doel was om dit vir die koning te gee en so die koning te laat verstaan dat die Gereformeerdes geen revolusionêre wederdopers is nie. So het die Nederlandse Geloofsbelijdenis ontstaan met 37 hoofstukke of artikels wat in die eerste plek getuig van ‘n ware geloof. In die stuk kom verder duidelik uit dat hulle nie opstandelinge wil wees nie, maar eerstens God se onderdane is en Hom moet gehoorsaam voordat hulle enige ander mag wat oor hulle aangestel is mag gehoorsaam. Dit is ‘n Calvinistiese belijdenis waarin Calvin se skrifopvatting vertolk is.

*“Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterstes van die aarde.”*  
Hand.1: 8

In die vorm van ‘n gedrukte boekie is die belijdenis, vergesel van ‘n begeleidende brief, in die nag van 2 November 1561 oor die muur van die kasteel van koning Philips 2 van Spanje gegooi. In die brief aan die koning skryf Guido de Brés, toe steeds ondergrondse predikant van Doornik, ander andere: “Maar noudat alle weë vir ons afgesluit is, wil ons, in die naam van meer as honderdduisende mense in Nederland, op hierdie wyse getuienis van ons geloof

aflê...”

Vyf en ‘n half jaar later het de Brés hierdie getuienis van sy geloof met sy eie bloed beseël. Hy was dominee in Valenciennes toe die beeldestorm, wat reeds in Duitsland en Switserland gewoed het, ook daar uitbreek en hy saam met de la Grange, ‘n mede prediker, gevange geneem word. Die twee ‘rebelle’ is kort daarna opgehang.



Guido se laaste woorde aan sy medegevangenes en broeders in Christus was:

*“My broeder, hier is ek tot die dood veroordeel as gevolg van die leer van die Seun van God. Geloofd sy Sy Naam. Nooit het ek kon dink dat God my die eer waardig sou ag nie. Van oomblik tot oomblik word ek versterk en my hart spring op van vreugede. Dis vir my asof my gees vleuels ontvang het om na die hemel te vlieg, aangesien ek nou genooi is na die bruilof van my Here, die Seun van God...”*

Vandag, amper 440 jaar later, neem sy belijdenisgeskrif steeds ‘n belangrike plek in ons Kerkverband en persoonlike geloof in. Nes hy die skare om sy galg rustig vermaan het om te volhard in die leer

van die Heilige Evangelie, net so roep Christus sy kerk vandag nog op om Sy kruisdood wyd en syd te verkondig en so ook ons geloof openlik aan alle mense te bely.

*“Want elkeen wat hom vir My woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlijkheid van sy Vader met sy engele”*

Mark. 8: 38

Uit: *Ons glo en bely*: M.J. Booyens  
*Geloofsleer*: J. van Bruggen  
*Kleine kerkgeschiedenis 2*: W Meijer

# MUSIEK

Marlene de Vente

Is musiek maar net 'n paar swart nootjies op 'n wit papier?


Nee...dit behels veel meer. Lees maar...

Musiek is nie net note nie. Die meeste musiek is geskryf na aanleiding van woorde, en dit is juis die woorde wat 'n groot verskil maak. Watter verskil? Die verskil of ons na 'n liedjie mag luister of nie! Ons is veronderstel om in die volgorde, eers woorde dan musiek, te bepaal of die liedjie aanvaarbaar is. Maar is ons nie maar geneig om eers gaande te raak oor die musiek en dan eers na die woorde te luister nie? En as daar dan wél verkeerde dinge in voorkom, skryf ons die liedjie af, of maak ons asof ons dié paar woorde nie hoor nie?

Bogenoemde laat dit voorkom asof ons dan na enige musiek mag luister, solank die woorde net mooi is. Wat van die liedjies wat gegrond is op New Age? Hoe mooi die woorde ook al is...omdat die agtergrond van die liedjie verkeerd is, mag ons daarom nie daarna luister nie? Moet ons dan eers gaan ondersoek instel oor die liedjie se agtergrond en dit deur die dominee laat goedkeur, vóór ons weet of dit aanvaarbaar is of nie?

Nee, dit is bietjie oordrewe. Ons is mos self verantwoordelik genoeg om daarvoor te besluit!


Elkeen het sy eie musieksmaak. Die een raak in vervoering oor *Beethoven*, terwyl ander liewer na *Michael Learns To Rock* of *Celine Dion* luister. Ek dink 'n mens se agtergrond en omstandighede dra nogal by tot sy musieksmaak. As jy in die "bundu's" opgegroeï het sal jy natuurlik van "stokkie-rattle-drom-musiek" hou; en in kloosters is Middeleeuse



kerkmusiek 'n "treffer". Ons, as stadsmense, luister weer graag na musiek wat varieer van klassiek en romantis tot en met "ruk-en-rol". (As ons nie radio's gehad het nie, sou ons seker ook maar na "stokkie-rattle-drom-musiek" geluister het!)

Jy kan jouself ook in 'n smaak indwing deur sekere musiek te vermy. As jy byvoorbeeld weier om klassieke musiek te luister, sal jy ook nooit die "mooi" daarvan kan waardeer nie. Gevolglik sal dit nooit in jou smaak val nie!

Hierdie "swartnootjie-taal" het soms die vermoë om met jou emosies te lol. Sommige



mense kry hoendervleis wanneer hulle 'n sekere liedjie hoor, terwyl ander sommer in 'n huilbui uitbars. Waarom gebeur dit?... Miskien dwing die musiek jou gedagtes in 'n sekere rigting, of dit bring mooi herinneringe op...

Die teenoorgestelde is ook waar. Wanneer jy hartseer is, sal jy hoogs waarskynlik na treurige musiek luister, beslis nie na soiets soos *Leon Schuster* se "Hier kommie Bokke" nie! Nee, jy pas die musiek aan volgens hoe jy voel...

Nou ja...natuurlik is daar nog wel meer te sê oor musiek, maar ek wil vireers afsluit met die volgende woorde, dink maar daaraan wanneer jy weer na musiek luister:

*"They play the notes as they are written, but it's God who makes the music..."*

---

## VERLIEF, VERLOOF... VERLORE ???

Johan Bron

Wanneer is jy gereed om in die huwelik te tree? Indien jy brand van begeerte of as jou banksaldo uit sy nate bars en jou huis en motor klaar betaal is?

God self het die huwelik ingestel (Gen. 2:18, Matt. 19:6). Hy het ons nie geskape soos die engele nie, maar as volwaardige mense. Daarom het Hy in ons geskape die wonderlike "heenneiging" na mekaar wat ons dan liefde noem. 'n Pa of ma hoef nie bekommerd te wees indien hulle die liefdesontwaking

sien by hulle kinders nie, want dit is God se werk. Dit beteken natuurlik nie dat die ouers geen verantwoordelikheid het nie.

Maar laat ons terugkom na die liefde. Liefde is 'n wesenselement van die huwelik. Normaalweg trou 'n man en 'n vrou juis met mekaar omdat hulle mekaar liefhet. Maar hierdie liefde vir mekaar is ook 'n eis van God: hulle moet mekaar liefhê. (Ef. 5:25, 28, 33; Open. 2:4)

Volgens die Skrif kan ons drie soorte liefde uitken nl: Erotiese liefde, hier val die nadruk baie sterk op die sensuele en die seksuele. (Gen. 3:16; Spr. 5:18-19)

Die tweede is die vriendskapsliefde. Hierdie vriendskapsliefde dui 'n liefde aan waarin twee mense tot 'n hegte vriendskap saamgebind word; eintlik boesemvriende.

Dit dui 'n vertroulike verhouding tussen twee mense aan en kenmerke hiervan is hartlikheid, teerheid en begrip vir mekaar. (Joh. 20:2 en 21:7,20).

Die derde een is die selfverloënde liefde. Dit is die liefde wat bereid is om hard te werk en baie op te offer in belang van die geliefde. (Ef. 5:25,28,33; Kol. 3:19)

### **Die diens aan die Here bly die ruggraat van 'n gelukkige huwelik en so ook voor die huwelik.**

'n Siekte van ons samelewing is die groot klem wat gelê word op die liggaamlike. Daar is twee dinge wat in ag geneem moet word. Die liggaamlike en die geestelike. Dit is juis die geestelike groei wat

belangrik is voor die huwelik en tydens die huwelik, om dit gesond te hou en te laat groei. Wanneer dit agterweë gelaat word, is die gevolg daarvan dat twee mense getroud is, maar hopeloos te swak is om die

### **'n Siekte van ons samelewing is die groot klem wat gelê word op die liggaamlike.**

verantwoordelikheid van die huwelik en ouerskap te dra.

Dit is dus voor die hand liggend dat ons weer sal besef watter wonderlike instelling van ons Vader die huwelik is. Iemand wat hierdie wonder miskyk maak die huwelik oppervlakkig. Die diens aan die Here bly die ruggraat van 'n gelukkige huwelik en so ook voor die huwelik. En as jy die Skrif as basis gebruik in al jou besluite en jou probleme en vrae aan Ons Vader in die hemel opdra, veral in jou gebed, sal jy weet wanneer jy reg is om te trou en die huwelik in te gaan soos die Here dit van ons vra.



---

## **DIE DOEL VAN DIE JEUGSENTRALE**

Roelof de Jong



As 'n lid van die Jeugsentrale van die Vrye Gereformeerde Kerk Maranata, is ek gevra om 'n stukkie te skrywe omrede daar gereëld verwarring heers oor die spesifieke leidende doel van die Jeugsentrale. Daar word soms gesê ons is 'n "elite" groepie mense bymekaar en ander weer kla dat die lede in die JS eerder aansien van die jeug geniet en dus nie hule werk kan doen nie. Sommiges sien weer nie die nut van 'n eie JS in nie.

In die statute staan die volgende:

### Artikel 2 – Doelstelling

2.1 Primêre doel van die Jeugsentrale is om die jeugwerk te koördineer, te leer, stimuleer en advies aan die onderskeie jeugverenigings te verleen.

2.2 Die sekondêre doel is die daar stel van goeie samewerking tussen die betrokke jeugverenigings en die Jeugsentrale.

### Artikel 3 – Grondslag

Die grondslag van die Jeugsentrale is die Bybel as die onfeilbare Woord van God, die Drie Formuliere van

Eenheid en die Belydenisskrifte soos gebruik in die VGKSA.

Uit bogenoemde kan ons dus sien watter belangrike plek die Jeugsentrale in die gemeente inneem. Ek glo definitief dat elkeen wat in 'n bestuursposisie verkies is, al dien dit tot 'n klein doel, so deur God beskik is. Dit is dus definitief nie net "die wat aansien geniet" wat dien in die Jeugsentrale nie – elke jeuglid is deur God daar geplaas vir 'n spesifieke doel en rede. Die verkose JS-lid het egter wel die verantwoordelikheid om die doelstellings soos vervat is in die statute na te kom. Ons as JS sal ons dus ook moet onderwerp aan die gesag van die kerkraad. Ons behoort in nou verband met die kerkraad saam te werk met gevalle persone bv. die wat glad nie of bitter min die verenigings bywoon. Na elke skaap moet tog omgesien word?

Ten slotte, is dit dus die JS se verantwoordelikheid om toe te sien dat alle jeugwerk vlot verloop, bly loop, betyds loop en nie wegloop nie.

Daar is reeds vele artikels oor die jaar 2000 geskryf. Hierdie artikel handel oor 'n sprekersaand gehou deur Bouwe van der Eems. Voorbeelde en eie menings is in artikel bygewerk.

In hoe 'n mate moet ons vir die jaar 2000 voorberei? Moet ons so voorberei dat ons onafhanklik kan lewe? Menslik gesien moet ons natuurlik voorberei vir die ergste. Waar trek mens die lyn tussen vertrouwe, voorsorg and menslike / Goddelike afhanklikheid?

## Algemeen

Almal van ons weet dat daar 'n rekenaarkrisis dreig aan die einde van die jaar 1999. Die probleem is dat rekenaars die jaartal stoor as 'n twee-syfer getal, en die volgende eeu se jaartalle word dan verkeerd voorgestel. Daar sal natuurlik sisteme wees wat nie jaar 2000 versoenbaar is nie, en wat dalk 'n verkeerde instruksie mag uitvoer. Baie instansies is van hul rekenaars afhanklik, en as die rekenaar-sisteme verkeerde sommetjies maak, of stilstaan, kan dit die ondergang van die besigheid beteken. Baie besighede in ons land is tot op hede nog nie jaar 2000 versoenbaar nie, maar beteken dit dat hierdie besigheid ten gronde sal gaan? Watter skeepskaptein wat weet dat sy skip sal sink, sal net toekyk en wag en daarvoor huil? Hy sal iets daaraan doen, iets verander, moontlikhede ondersoek om die ramp te voorkom.

Ons moet egter beseft dat die rekenaarkrisis nie so klein is nie. Die een maatskappy se ondergang, kan die volgende besigheid ook verwoes. As banke byvoorbeeld nie Y2K datums kan hanteer nie en geen besigheid meer kan doen nie, kan dit lei tot talle probleme by ander besighede. Watter besigheid kan sonder 'n bank bly bestaan?

## Waarom is dit moeilik om rekenaars te herstel?

Hier volg 'n aantal redes:

- Die probleem is heelwat groter as wat aanvanklik geskat is.
- Die meerderheid van owerheids- en besigheidsleiers ontken die probleem – hulle wil nie geld spandeer op "nuttelose" apparatuur wat nie winste sal vergroot nie.
- Daar is nie genoeg tyd om die probleem op te los nie. Baie rekenaarprogramme wat vroeër geskryf was, is hoofsaaklik in Cobol geskryf. Honderde miljoene lyne rekenaarkode is opgebou in die afgelope 30 jaar. Om hierdie massiewe

programme te herskryf voor die jaar 2000, kan baie lank neem.

- Rekenaars wat nie herstel is nie, kan rekenaars wat herstel is, korrupteer.
- Daar is nie genoeg programmeerders om die probleem op te los nie.
- Daar is te veel rekenaartale.
- Baie rekenaarprogramme se bronkode het verlore gegaan - moeilik om program te verander.
- Daar was tot onlangs geen aanvaarde standaard oor die formaat van datums nie.
- Die herstelproses bring nuwe foute in.
- Daar is nie genoeg kapasiteit om stelsels te toets nie.
- Die herstelkoste vir die jaar 2000 is te hoog.
- 'n Tydelike oplossing, "windowing", herstel die proses net tydelik - sal later weer opduik.

Wat is "windowing"? Dis 'n program wat alle jaartalle hoër as 80 oorskakel na die twintigste eeu (19..). Kleiner getalle dui op een-en-twintigste eeu. (20..)

Opmerking: Baie instansies het reeds van die hoofraam-stelsel afstand gedoen. Watter besigheid word hanteer deur 'n 30-jaar oue rekenaar en program? Sal ABSA-Bank nog op dieselfde sisteem loop as 30-jaar gelede?

Ons moet egter beseft dat die probleem nie net lê by rekenaars nie, maar ook by ander elektroniese apparatuur wat gebruik maak van datums, meestal die onopvallende "swart dosies". Hierdie klein rekenaarbeheerders ("embedded systems") is tipies klein beheerertjies wat motors, sekuriteitshekke, mediese apparate, hysers, produksielyne ens. beheer. Hierdie beheerders kan dalk probleme veroorsaak en stilstaan. Om hierdie apparatuur te herstel, is amper onmoontlik - die hele sisteem sal vervang moet word.

## Teenargumente teen die Y2K probleem:

- Die Jaar 2000 is maar net 'n krisis wat uitgedink is deur konsultante en rekenaarfirmas om geld te maak.
- Daar is baie mense wat werk aan die probleem, en daar word baie geld daaraan gespandeer, en dit moet dus opgelos wees.
- 'n Hele aantal groot instansies het alreeds aangekondig dat hulle stelsels gereed is vir die jaar 2000 probleem.

- Iemand soos Bill Gates (van Microsoft) sal tog iets ontwikkel waarmee die probleem maklik opgelos kan word.
- Indien 'n stelsel nie gereed is vir die jaar 2000 nie, beteken dit nie noodwendig dat daardie stelsel tot stilstand gaan kom nie. Miskien sal daar klein foutjies voorkom. Baie mikrobeheerders gebruik nie eers die jaartalle om te funksioneer nie.
- Die meeste kritiese beheerselsels kan oorsakel na handbeheer indien iets verkeerd gaan.
- Hierdie probleme sal nie noodwendig beteken dat sisteme tot stilstand kom nie - daar is baie veiligheids-maatreëls.
- My persoonlike rekenaar is jaar 2000 versoenbaar - dus het ek geen probleme nie.
- Ons weet nie wat in die jaar 2000 gaan gebeur nie. Dit is dus veilig om aan te neem dat daar 'n 50% kans is dat daar positiewe dinge en 50% kans dat daar negatiewe dinge gaan gebeur. Dit is dus die beste om nie voor te berei nie.

Voorbeeld: As ESKOM se rekenaars wat die elektrisiteits-voorsiening beheer dalk mag stilstaan agv die Y2K probleem, sal die instrukteurs dadelik oorsakel na "manual override". Hul sal beslis nie net toekyk en niks aan die probleem doen nie. ESKOM se beheer-rekenaars was sowat 2 maande gelede deur onweer uitgeslaan - tog was die kragtoevoer weer binne 30 minute aangeskakel. (Rekenaars was pas na 2 dae weer in weer in gebruik).

Die jaar-2000 probleem word vererger deur mense se bangmaakpraatjies. Baie mense sal miskien net voor die einde van die jaar, al hul geld uit die banke onttrek. Dit gaan 'n tekort aan fisiese geld veroorsaak, omdat 90% van die land se geld elektronies voorgestel word. As al die mense hul geld onttrek, kan dit dalk 'n ekonomiese ineenstorting beteken, en meer chaos veroorsaak. Die mense gaan bang raak as die bank nie hul geld aan hulle wil gee nie. Sodoende

word baie meer probleme geskep as wat daar werklik is.

### Voorbereiding vir jaar 2000

Eerstens moet ons almal besef dat daar beslis iets gaan gebeur. Hoe groot die skok vir die wêreld gaan wees, moet ons elkeen self besluit. Die wêreld leer ons dat om voor te berei vir die ergste 'n algemeen aanvaarde beginsel is. Volgens hulle moet ons dus voorberei, sodat ons elkeen op sy eie kan leef. Ons mag dus nie meer op ander hulpbronne staatmaak nie. Ons moet besef dat niemand sonder God kan leef nie. Elkeen is van Hom afhanklik, nie van brood & water alleen nie. Kan ons dan niks voorberei en glo dat God vir ons sal sorg? Ons moet tog egter realisties bly - Daar bestaan tog 'n kans dat daar nie meer genoeg voorrade is nie?

### Interessante Besprekingspunte:

1. Kan mens die jaar-2000 sien as 'n manier hoe God ons straf? Die mens dink hy is geweldig, kan alles doen en is van niks afhanklik nie. Deur hierdie simpel fout, wat mens eintlik al van die begin van die rekenaartydperk moes raakgesien het, wil God die mens wys hoe swak die mensdom eintlik is. Ons kan nie eers 20-30 jaar vooruit dink nie.
2. Indien daar 'n goeie moontlikheid is dat ons samelewing 'n ernstige krisis kan beleef rondom die jaar 2000, mag 'n Christen daarop voorberei? Kan ons skrifgedeeltes oor Noag wat voorberei het vir die vloed en Josef wat voorberei het op die 7 jare droogte van toepassing maak op hierdie situasie?

Verder is die besluite rondom die jaar 2000 en persoonlike voorbereiding bespreek. Ons verantwoordelikheid aan gelowiges, gesinne en die Kerk het ook na vore gekom - ons moet altyd na ons medegelowiges en naaste omsien, hulle versorg tot so ver as wat ons kan.

*Voel jy ook so?*

## HOEKOM SIEN HULLE KANS VIR DIE JAAR 2000?

Twee bekende figure in die wêreld van vandag het onlangs hulle mening gegee oor hoe hulle die jaar 2000 en die toekoms daarna insien.

Die eerste een is **Jane Goodall**, 'n baie beroemde wetenskaplike. Sy doen navorsing oor die gewoontes van Chimpanzees en Gorillas in Midde-Afrika, en hoe

dit verband hou met menslike gewoontes.

Die tweede is **Muhammed Ali**, vroeër 'n bekende bokser. Deesdae is hy 'n groot kampvegter vir vrede op aarde.

Voel jy ook soos hulle?




### *Jane Goodall has concerns—and hope.*

Africa, the birthplace of humankind, provides a disturbing clue to our future. As I fly across areas that were forest just years ago and see them becoming desert, I worry. Too many people crowd this continent, so poor they strip the land for food and fuelwood. The subject of my life's work and our closest living relatives, the chimpanzees and gorillas are slaughtered for food or captured for the live-animal trade. Pollution of air, land, and water abounds. Are we destroying our beautiful planet?

I do have hope—based on three factors. First, we have begun to understand and face up to the problems that threaten us and the survival of life on Earth as we know it. I trust we can use our intellects and willpower to live in ways more harmonious with nature. Second, hope lies in the tremendous enthusiasm and commitment of young people around the world. As they learn about the environmental and social problems that are part of their heritage, they fight to right the wrongs. Third, the indomitable human spirit still soars. There are countless people who have dreamed seemingly unattainable dreams and struggled to achieve their goals against all odds. So let's move into the next millennium with hope, respect for all living things, understanding, compassion, and love.

### **Muhammad Ali on the 20th Century**

When I was young, I was a professional boxer. But that's not my "field" anymore. My most important



job now is trying to teach people to treat each other with dignity and respect.

I believe the world is a better place now than it was a thousand years ago, although there's still too much suffering and hate.

But a thousand years ago, slavery was accepted. It's not anymore. A thousand years ago, people thought that war was the way nations should settle disputes. Now one of the world's highest honors is the Nobel Peace Prize.

A thousand years ago, people of different religions and colors almost never associated with one another. Now people of all races and religions are friends.

I am devoting much of my life today to HEALING the human spirit. My chosen path for doing this is through my religion. Other men and women of

goodwill might choose a different road to reach the same end. But I believe that the next thousand years will bring a golden age of tolerance and understanding among all people.

My religion teaches me that God wants us to love one another. And I believe that love, not hate, is at the heart of God's master plan.



### **Vir meer inligting:**

<http://www.nationalgeographic.com/faces/goodall/>

---

## **IS ONS POST MODERNISTE OF GEMEENTELEDE?**

Die postmodernis is iemand wat sê dat alles mag. Alles is reg! As iets in jou eie oë reg is, doen dit! Niemand het die reg om jou verkeerd te bewys nie! Dit verhoog elke persoon se eie waardestelsel tot 'n absolute norm vir wat jy doen en dink. Geen ander waardestelsel het die reg om my eie een te verlaag nie. Elke persoon het die reg om te doen wat hy wil. Elkeen is "geëmansipeer" om sy eie kop te volg. Ons is 'n mense wat "empowered" is om alles te kan doen wat ons wil. Ons is mos in beheer van alles!

In die postmodernistiese samelewing is daar 'n baie klein gevoel vir die gemeenskap, die mense om jou heen en die omgewing wat jou omring. Daar word min of geensins uitgereik en belangstelling getoon vir die ander nie. Jy leef in 'n kapsule binne-in jou eie omgewing. Postmoderniste weet soms nie wie is sy bure nie! Hy weet baie keer niks van die geesteskwellings waardeur sy naasbestaendes gaan nie. Hulle weet soms nie eers watter voëltjie so mooi elke oggend in die boom sit en fluit nie. Sy visie is

“vertonnel” tot sy eie belange en dit wat hy voor sy eie oë wil sien.

Tref ons dit nie aan binne-in die kerk, en ook onder die jeug nie? Daar is so baie dinge waaroor ons verskil in die kerk (jammer genoeg). As ons verskil oor iets, is ons dan nie geneig om te sê: “Ek het my mening, en jy het jou mening. Ek het nie ‘n pyn met jou mening nie, en hopelik het jy nie ‘n pyn met my mening nie. Dit beteken dat ons rustig langs mekaar in die kerk kan saamleef met verskillende menings. Want ons is lief vir mekaar! Ons gaan nie mekaar seermaak deur mekaar se menings onder die loep te bring nie! Mense wat lief is vir mekaar, maak mekaar mos nie seer nie? Wie gee ‘n ander in elk geval die reg om my mening te betwyfel? Ek ken mos myself?”

As ons binne-in ons kerk gaan kyk na dinge soos drankgebruik op kongres, gesange sing in die kerk (dinge wat nogals baie in die Olielamp bespreek word), my eie private vrye tydsbesteding, musiek luister ens ens, sien mens ongelooflik baie verskille! Die een dink so, en die ander dink weer so, en soms gebeur dit dat ons maande lank nie met mekaar praat nie omdat ons verskillende menings het! Dis alles gevolg van die sonde. Stry ons daarteen? Praat ons met mekaar oor ons verskille met die doel om saam by ‘n gelowige antwoord uit te kom, of leef ons maar net bymekaar verby, elk in sy eie posvakkie?


Dink so bietjie na (*gemeentelik-wiskundige denke*): Is

ons gemeentes ‘n groep van mense wat die som is van ‘n klomp individue? Of is ons ‘n groep waarvan die eenheid MEER is as die som van die aantal mense in die gemeente?

Is ons ‘n gemeente wat na eenheid soek (Fillipense 2) en waar die een homself minder ag as die ander een? Waar ons mekaar se hande en voete was en waar ons nederig teenoor mekaar optree? Soek ons werklik na gesamentlike oplossings onderling sodat ons gemeentelêwe ‘n lieflike geur voor die aangesig van die Here kan wees?

Of lewe ons onder die PES van die individualisme – elkeen vir homself!!? Waar mense se lewens stukkend geruk word as gevolg van eiebelang en selfverwesening? Onderwerp ons onself *werklik* aan die Woord van God as rigsnoer in ons lewe – of lewe ons in ons eie ou wêreldjie waar niks en niemand aan moet kom nie?

Laat ons as gemeentes en as kerkverband van die Vrye Gereformeerde Kerk, nou en in die verre toekoms, onself daarop rig om eensgesind te wees in die geloof, veral in ‘n land waar die duiwel al meer sy gesig wys. Laat ons ons oë oopmaak vir gevare en laat ons eenheid soek in sake veral ten opsigte van die kongres en ander jeug- en kerksake. Laat ons met ‘n eerlike gemoed en ‘n volkome hart die wil van ons Here in die hemel soek en mekaar aanspoor om gesamentlik en afsonderlik in sy weë te wandel. Dan is die oorwinning gewaarborg!



*Rehobot*

Gen 26:22 : “ Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak”  
Jeuq van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

## DEUR DIE SLEUTELGAT

Ja, dis weer tyd vir die Sleutelgat. Dis egter maar bietjie leeg agter die gat wat betref die sosiale kant van die jeug. Ek is bewus daarvan dat ons hierdie Saterdag, 1 Mei, ‘n spitbraai gaan hou, so as die redaktrise hier in die Kaap my ‘n bietjie spasie sal gee, sal ek probeer om dit nog op die nippertjie in te pas. Julle sien, ons werk volgens ‘n skedule, so by die tyd dat julle hierdie goed lees, is dit waarskynlik lankal al verby. Maar die skedule dwing ons om ons

artikels lank voor die uitgawe in te handig. En hierdie redaktrise van ons kan maar moeilik raak as jy laat is, glo my. So lees maar verder en kyk self of sy geduld met my gehad het.

Die feit dat ons nie te veel op die sosiale front gehad het nie, gee ons nou wel die kans om aan daardie dingetjies aandag te gee wat soms bietjie agterweë bly.



Eerstens het ons weer met Jeugvereniging begin. Dis 'n paar taai onderwerpe wat op ons gewag het ná die vakansie en ons moes dikwels maar worstel vir 'n goeie bespreking. Maar ons mag steeds die Here dank vir die seën wat daar op die werk by Jeugvereniging rus.

Maar ai, die voorstudie. Jeugvereniging sonder voorstudie is soos 'n skede sonder mes, soos 'n mandjie sonder brood, soos 'n juwele-kissie sonder enige juwele. Dit kan die Jeugvereniging lam lê. En nou dink jy seker: wat gaan nou aan? Ek dog dan die Sleutelgat is altyd snaaks en op 'n ligte noot? Ag jong, 'n mens moet so nou en dan maar sê wat gesê moet word. En watter beter plek as die Sleutelgat? Dan weet jy ten minste dat dit gelees word.

Verder het ons berig gekry dat dit met ons twee vriende, Willem van Dalen en Floris Antonides, baie goed gaan. Ek het nou die aand 'n lywige telefoongesprek met Floris gehad en dit klink asof hy homself gate uit geniet. Met sy studies gaan dit voor die wind en hy geniet die plattelandse atmosfeer daar op Piet Retief. Blykbaar wil hy ons in Junie kom vergas met sy teenwoordigheid. Ons kan nie wag nie, Floris.

Dit klink asof dinge met Willem ook goed gaan. Ons het sopas sy e-pos adres gekry. Dit is: [wvd77@hotmail.com](mailto:wvd77@hotmail.com). Kom ons stuur vir Willem 'n briefie en vertel hoe dit gaan. Willem, met daai Engelse Pond behoort dit mos nie 'n probleem te wees om 'n vliegtuigkaartjie hier na die Nuwe Suid-Afrika te betaal nie? Kom kuier bietjie vir ons, man.

O ja, een ding wat ek sommer wil aanraak, terwyl ons nou tog besig is met hierdie semi-ernstige, semi-speelse, semi-informele Sleutelgat, is die koffiedrink.



In Gautengse terme sal dit nou "groep" wees. My kommentaar is nie soseer op die eintlike koffiedrink gerig nie, maar dit het te make met die hele ooploop tot die koffiedrink. Elke Sondag is dit dieselfde storie: waar drink ons koffie? Die

hele jeug staan in groepies en wonder waar is koffiedrink. Laat ons eerlik wees, dis 'n regmerkie vir "de jeugd van tegenwoordig" dat hulle so gesteld is daarop om saam met ander gelowige jeuglede te gaan koffie drink. Maar aan die ander kant, as almal ná die oggenddiens net gaan bly wonder waar koffiedrink is, gaan ons teen sesuur Sondagmiddag wonder waar al

die mense nou skielik weer vandaan kom. So kom ons toon net so 'n titseltjie inisiatief, sodat die voorbereiding tot 'n koffiedrink net so lekker kan wees soos die koffiedrink self.

Dit wil voorkom asof die finansiële sy van die jeug ook nou goed op dreef is. Ons gaan weer slote grawe. Die FK (altans ek dink dis hulle) het ligte langs die parkeerterrein geplant en blykbaar moet die goed nou begin wortel skiet, maar hulle gaan sukkel om dit te doen as hulle nie elektrisiteit het nie. So ons moet nou gaan slote grawe sodat die nodige elektriese drade gelê kan word. Ons sou op Saterdag, 24 April, alreeds begin het, maar dit is eers verskuif.


Daar het in die afgelope maand of wat ook 'n hele paar mense verjaar. Ek het nou nie my verjaardaglys byderhand nie, so ek gaan nie eers probeer om al die name op te noem nie. Julle moet maar na die laaste bladsy van die Olielamp blaai en kyk vir wie julle nog geluk kan wens.

'n Paar dae later...

Ek sit en werk nou hier op die 'laptop' en ek kan omtrent nie eers die skerm oor my maag sien nie, so vol geëet is ek van gister se spitbraai. Soos julle kan aflei, het die redaktrise my kans gegee om hierdie groot gebeurtenis nog te beskryf. En glo my dit was 'n fees. Ons het Frank-hulle se huis met 'n stuk of veertig mense bestorm en die aand daar deurgebring. Met etenstyd (dis waarvoor ons ten slotte gekom het) het ons onself amper te buite gegaan aan die heerlike skaap en slaai. Ai, as ek nou weer daaraan dink dan blêr ek sommer weer van lekkerte. Die oom wat dit vir ons kom braai het, ken sy 'job' en hy mag dit gerus maar weer doen.

Aan Morné, Johan en Monique wat dit gereël het en aan al die dames wat die slaai gemaak het: DANKIE....dankie, dankie, dankie!!!

Maar wag, hoe gaan die spreekwoord: magies vol, ogies toe. My magie is nog steeds vol van gisteraand en vanmiddag se kos. Ja, ons het nou net klaar geëet.



Wil julle weet wat ons geëet het? Wel, hoenderpastei met slaai en boontjies en roomys met vla na die tyd. Dis ongeveer dit.

En toe moes ek nog help skottelgoed was na die tyd.

So, daar is goeie redes hoekom my oë bietjie toe val.

Tot volgende maand,  
Lekker slaap en sterkte met julle werk.  
Die Sleutelgatslaper

## UIT DIE SLEUTELGAT

Elke keer as ek deur die sleutelgat loer, sien ek sekere patrone. Kombinasies in die jeug waarsonder die jeug nie dieselfde sou gewees het nie. Sekere mense word net aangetrek deur ander mense of dinge. Of juis die omgekeerde. Sekere mense wat onmoontlik met ander mense of dinge geassosieer kan word.



groente is 'n definitiewe *no-go*. Terwyl Maartje en 'n motorlisensie, sonder enige duidelike rede, 'n *no-no* bly. Miskien het sy soos Corrien, wat daarvan hou om te stap, geen motorlisensie nodig nie.

Maarten of Marc sal lank treur as hulle nie meer met hul rekenaar mag speel nie.

As ons begin met verhoudings, dan val 'n paar mense dadelik op. Magdel en Morné byvoorbeeld. Kan iemand hulle los van mekaar voorstel? Of wat van Marié en Erik, Anel en E-J, Riaan en Roseanne, Diana en Johan, Sandra en Marco, Sonja en Dirk of Jacques en sy vriendin? Daar is miskien nog hier en daar dinge wat haak, maar aan die anderkant; Wat

sou 'n verhouding wees sonder 'n paar haakplekke? As 'n mens nooit 'n slag kan kwaad word nie, dan sal dit mos baie vervelig word.



Dan is daar die vlinders wat bly rondfladder tussen die blomme. Hulle leef

volgens die gesegde: "Some you win and some you lose". En dit lyk so, of hulle nou wil of nie, hulle kan nie lank sonder die teenoorgestelde geslag leef nie. Monique byvoorbeeld, of Maaïke, of Riana en wat van Erik? Ek hoop van harte dat die huidige vlindervanger sal leer hoe om vlerke te knip.

As ons na dinge gaan kyk. Christine sonder haar Hyundai is moeilik voor te stel. Of het dit meer te doen met patetiese dienslewering? Sy sou in elk geval nie die helfte so sensasioneel gewees het nie. Ander Christine kan weer staatmaak op haar ma se betroubare Cressida. Dit is nou as sy die kar mag leen. Ook Clara en haar blou gevaarte moet nie onderskat word nie. Die vraag is net: Rook die kar of rook die passasiers? Ewart sonder sy ma se

Peter is ook baie besig met sy rekenaar. Alleen, hy sal mense nie so kan fop soos Maarten nie. Ek dink nie Arjan sal lank sonder sy musiek gelukkig kan wees nie. Dieselfde geld vir Mirjam sonder e-mail. Frank en sy surfplank is onskeibaar. Terwyl Magda 'n definitiewe passasier van Frank, Clara of Riana is. Dit is as sy nie die Mazda stamp nie. Geerarda sal haar doodverveel sonder haar verfkwaste. Johan sal nie dieselfde wees sonder sy Opel nie (alhoewel daar nou sprake van 'n nuwe een is). En ander Johan se drome kan onmoontlik sonder Elisma en motorfietse wees.

Jaco, lank sonder 'n sokkerbal, sal 'n gefrustreerde man wees. Ek dink dieselfde geld vir Theo as hy nie wind en weer kan trotseer met sy uiters moedige poegie nie. Lieneke sonder fiets is seker soos Antoinette sonder Wolter. Wel die vergelyking werk nie, want Wolter is geen ding nie, maar nou is hulle name ook tenminste in die artikel genoem.

Iemand soos Karen of Margreet en ook die meeste van die eerstejaars is so stil, ek weet nie waarmee om hulle te assosieer nie. Maar geduld sal leer met die tyd. So ek kyk rustig vir nog 'n maand deur die sleutelgat. Tot volgende keer.



Die Sleutelgatloerder

(Alles in hierdie artikel moet asseblief met 'n knippie sout opgeneem word, en grappenderwys oor gelag word.)

## **DIE SIMBOLIEK VAN DIE VIS**

Die beeld van die vis het in die ou Christelike kerk die simbool van die Christendom geword. Hulle het die vis as 'n geheime teken gebruik om so aan te toon dat hulle Christene is. In die katakombes, die onderaardse kamers en gange in Rome wat die vervolgte Christene as skuilplek gebruik het, het baie tekeninge van visse voorgekom.

Die Griekse woord vir "vis", naamlik "ichtus" is gevorm uit die eerste letters van die volgende 5 Griekse woorde:

Iesous CHristos Teo Uios Soter

I – Jesus

CH – Christus

TH – God

U – Seun

S – Verlosser

In Afrikaans beteken dit dan: "Jesus Christus Seun van God, Verlosser." Iemand wat dus die simbool van die vis gedra het, het daarmee bely dat hy glo dat Jesus Christus, die Seun van God, sy Verlosser is.

---

## **REPOS AILLEURS**

**(Die rus is elders)**

Karina Smit

In die eensame veld  
staan 'n tentjie klein,  
en daarnaas in die skeemring  
skuif die liggende trein;  
ek sien in die tentjie,  
deur die oop gordyn,  
'n tafel met bordjies  
en glasies fyn,  
wat sag in die lig  
van die kersie skyn,  
en ek dag: "Was ek net  
in die tentjie klein,  
ek sou tog o so gelukkig syn"

Naas die eensame tent  
staan 'n meisie klein,  
in stomme bewond'ring  
van die liggende trein;  
sy sien my geniet  
my glansende wyn  
en kost'like maal  
by elektriese skyn;  
en ek raai die gedagte  
van die meisie klein:  
"Ag, was ek maar net  
in die vrolike trein,  
ek sou tog o so gelukkig syn."

Totius (J D du Toit)

Dit is baie interessant om in hierdie gedig die omstandighede van die twee persone te vergelyk. Veral as mens kyk na die kos, die lig en die welsyn by elke persoon. Dis ongelooflik om daarop te let met hoe min woorde die digter tog daarin slaag om die hele prentjie in detail te skilder: Die tentjie in die veld met alles daarin, en die trein wat daar verby ry met alles daarin.

Hy slaag verder daarin om op 'n kunstige wyse hierdie twee persone se begeerte uit te beeld en te vergelyk. Die persoon in die trein verlang na die eenvoudige lewe in die tentjie, terwyl die meisie in die veld weer verlang na die weelde van die trein.

Die gras lyk altyd groener aan die ander kant van die draad. Hoekom kan ons nie tevrede wees met dit wat ons het nie? Alles wat ons het, het ons omdat God genadig is. Ons kan net uit dankbaarheid lewe vir dit wat ons het en dink aan die mense wat nie soveel het soos ons nie.

## WIE IS WIE IN DIE BYBEL?

**Farao** – Titel van die konings van Egipte. Veral bekend is:

1. Abraham se Farao – Gen. 12:10
2. Josef se Farao – Gen. 40 ev.
3. Die Farao van die uittog – Ex. 5 ev.
4. Die Farao wat sy dogter as bruid aan Salomo gegee het – 1 Konings 9:16
5. Die Farao wat Hadad beskerm het – 1 Konings 11
6. Sisak, wat Jerobeam bygestaan en Jerusalem aangeval het – 1 Kon. 11:40; 14:25; 2 Kron. 12
7. So – 2 Kon. 17:4
8. Tirhaka – 2 Kon. 19:9; Jesaja 37:9
9. Nego – kyk hierbo
10. Hofra – Jeremia 44:30; Esegïel 29:2

## KONGRES 1999

Die Jeugsentrale van Pretoria het alreeds vroeg hierdie jaar aan die werk gespring met die reëlings vir die 25ste kongres wat hierdie jaar aangebied gaan word. Voorlopig lyk die beplanning soos volg:

Datum: Maandag 20 - Vrydag 24 Desember 1999

Plek: Amsterdam Omgewings Sentrum (120 km vanaf Bethal; net langs Swaziland)

Kongresouers: ds Pieter Nel en sy vrou

## VERJAARSDAE

### Bethal

Charl Coetzee 7 Jun  
Toinette Coetzee 23 Jun

### Johannesburg

Riekert van Lith 2 Jul  
Esther Kuyvenhoven 21 Jul

### Kaapstad

Diana Douma 6 Jun  
Antionette Raimond 1 Jul  
Marc Douma 6 Jul

### Maranata

Clarisse van den Bout 2 Jun  
Marlene de Vente 5 Jun  
Hein de Jager 6 Jun

Margreet Bron 24 Jun  
Johannes Kerkhoff 27 Jun  
Hanno Miske 9 Jul

### Pretoria

Iemke Buenk 3 Jun  
Aliena Miske 9 Jun  
Kornelis Kleyn 9 Jun  
Marius Bijker 9 Jun  
Henriette Ros 16 Jun  
Charlene Daniels 23 Jun  
Gerbrand Klapwyk 30 Jun  
Gerhard Bijker 5 Jul  
Lientjie de Jager 10 Jul  
Gerieke Meijer 21 Jul  
Henk van der Veen 24 Jul  
Tineke Hagg 28 Jul